**20 – 22 Februarie by Marula.**

Streek Waterberg het die naweek van 20 Februarie by Marula (naby Warmbad/Bela Bela) gekamp. Die fokus was op SAWA se 40ste verjaarsdag. Die streek se nuwe wimpel is ook in gebruik geneem soos op die foto gesien kan word.

Mel Ueckermann, Waterberg se ondervoorsitter, het aan die redaksie gesê dat die 13 Waterbergers en vyf gaste (18 woonwaens) dit terdeë geniet het. "Dit was 'n baie aangename en suksesvolle saamtrek. Die woonwapark was in 'n puik toestand en ons het gevra dat daar meer opgraderingswerk by die dames se badkamers gedoen moet word."

Pastoor Marius van Heerden het die kerkdiens Sondagoggend waargeneem en hy het 'n postiewe boodskap gelewer oor die feit dat ons op die Here kan vertrou en nooit alleen in ons daaglikse bestaan is nie.

Theo en Bertha Herbst, wie se seun skielik oorlede is na 'n blindederm operasie, was ook by die saamtrek. Ons voel saam met hulle oor hulle groot verlies.

Die Waterbergers was in hulle tradisionele drag geklee toe die foto geneem is.

